BULLETIN

10 Maart 2019

EREDIENSTE

3 Maart

09:00 Sebastiaan van Dyk

Tema: Kom kyk wat mis jy!

Lectio Divina:

Johannes 14:1-11

15:00 Sepedi & isiZulu (Bosaal):

Annah Mine

Oostvallei:

09:00 Frikkie Coetzee

DIE HARDE PAD

Dissipelland (Kleuters - Gr 6)

09:00 Kleuters

Gr 1-3 God hou Sy beloftes 2

Gr 4-6 Tabernakel 5

Gr 7 Crewgroepe

09:00 Kwartaalafsluiting

Graffiti:

17:30 Gallery diens:

Sebastiaan van Dyk

18:45 Crew-groepe: Kwartaalafsluiting

18:45 Community (Bosaal)

KERNVERSE VIR VANDAG

Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.

Johannes 14:6

GEMEENTEDAGBOEK

Maandag, 11 Maart

19:00 Gemeenteraad

Dinsdag, 12 Maart

19:00 Pharos Bestuur

Woensdag, 13 Maart

07:00 Pharos: Toewydingsgeleentheid

09:00 Jakob-se-put@Pharos

Donderdag, 14 Maart

09:30 Vrouegroep

15:00 Oostvallei: Bybelstudie

Vrydag, 15 Maart

05:30 Mannegroep

SKOLE SLUIT

LMAK: Renosternaweek (15-17 Maart)

GASTE EN BESOEKERS

Baie welkom aan almal!

Kom ontmoet ons gerus voor en na die diens by die "Gasvryheids" toonbank en neem gerus 'n inligtingsblaadjie.

FORUM

B-Net doen besigheid met 'n Koninkryksvisie. Kom leer, luister en deel in die stories van mense!

Die Besigheid se Storie.

28 Maart 2019 om **19:00**
in die Jeugsentrum.

Kontak Paul le Roux (083 303 4927) .

AMPSDRAER

Die volgende persoon is verkies as ampsdraer van Lux Mundi Gemeente.

Vir dié doel gee ons die naam aan die gemeente deur vir goedkeuring

George Andrews- Ouderling JEUG

Indien daar enige besware teen hierdie persoon se leer of lewe is, kan jy voor 12 Maart 2019 vir Johan Taute skakel by 083 608 4111.

MOSAMBIEKUITREIK

DAGBOEK SOLANK DIE DATUMS!

20 - 30 JUNIE 2019

Ons gaan na MACHAILA en INHASSORO.

Vir meer informasie kontak:

Sebastiaan (svandyk@luxmundi.org.za) of Rudolph (rudolph1@absamail.co.za)

Inskrywingsvorms beskikbaar op die webtuiste en Communicator.

TO-STRAND 18 - 29 Maart

Onthou! Opleiding-en beplanningsessie:

VANDAG 15:30, saam met ouers.

Beskuitskenkings teen 15 Maart sal waardeer word!

Kontak Claudie by jeug@luxmundi.org.za

GELOOFSBELYDENIS GETUIENIS

Ek het groot geword in `n christelike huis en was al op uitreike voordat ek behoorlik kon loop. Maar soos wat `n mens begin ouer word begin `n mens tog wonder oor hierdie geloofsisteem wat so `n sentrale rol in my opvoeding gespeel het.

Ek het `n meisie in my skool ontmoet wat nie in die Here glo nie. Hierdie was die eerste keer wat ek regtig `n persoonlike verhouding met `n nie-gelowige gehad het en my oë het oop gegaan oor hoe baie nie-gelowiges daar in my skool is.

Maar uit hierdie verhouding het ek drie dinge besef:

Eerstens het ek besef dat my christen lewe niks anders lyk as haar lewe nie. Hierdie het my verskriklik skuldig laat voel.

Tweedens het ek myself probeer indink hoe dit moet voel om nie in die Here te glo nie. Dit was vir my absoluut die vreemdste gedagte. Maar al is ek nie die beste christen in die wêreld nie, kon ek myself nie regtig `n lewe sonder God inprent nie. Ek het besef dat God en die kerk `n sentrale rol gespeel het in my opvoeding en dat dit absoluut `n steunpilaar in my lewe is. Ek het besef dat elke keer wat my pa my uit die bed gesleep het om kerk toe te gaan, vir my so baie stabiliteit in my lewe gegee het.

Derdens het sy my ook laat wonder of ek belydenis aflê omdat dit van my verwag is en of ek dit regtig wil doen.

Hierdie het my regtig gepla. Gaan ek voor die hele gemeente staan en lieg, net omdat dit van my verwag word?

Vandag weet ek dat ek reg is en belydenis wil aflê.

Maak nie saak hoe hard ek self probeer het nie, die Here het my altyd laat besef dat ek Hom nodig het. Hy maak my op een of ander manier net weer bewus van Hom. Hierdie sekerheid dat ek nie van die Here kan vergeet nie, dat ek Hom nie uit my lewe kan uitwis nie, het my net so dankbaar laat voel. `n Lewe sonder die Here was net eenvoudig nie meer `n opsie nie.

Ek besef tot nou toe het die Here konstant aan my getrek om na Hom toe te kom maar nou is dit my geleentheid om aan die Here te trek. Ek besef dat ek verantwoordelikheid gaan moet neem vir my geloof. Maar ek sien eintlik uit daarna om hierdie pad saam met die Here te stap en saam te groei.

PHAROS - NAALDWERKKLASSE

Ons wil graag naaldwerkklasse vir huiswerkers aanbied.
Een Saterdagoggend per maand.

Ons benodig:

- Les-aanbieders, bruikbare naaldwerkmasjiene, materiaal en naaldwerkbenodigdhede

Kontak Marlene by info@pharos.org.za of 012 993 5906/8 vir meer inligting.

BEJAARDES WAT VERJAAR

Isabel van Zyl (10/3) 88 jaar
Marie Mey (11/3) 81 jaar
Ninon Vermeulen (11/3) 80 jaar
Bennie de Beer (12/3) 87 jaar
Christian Stals (13/3) 84 jaar
Theresa du Toit (14/3) 86 jaar

MANNEBEDIENING

Kom soos jy is!

Koffie en kuier elke Vrydagoggend 05:30-06:30.

Ons begin met Dissipelskaptoerusting vanaf 15 Maart 2018.

Tema: Genooi om te volg

(Handleiding beskikbaar @ R100 by die Vrydagoggend mannebediening.)

JONG AFGETREDENES:

Kom gesels en droom saam. Maak saam 'n verskil in die koninkryk!
Dinsdag, 12 Maart om 19:00 in die Konferensiekamer.
Kontak Ilse by erediens@luxmundi.

WIL JY OP HOOGTE BLY VAN LUX MUNDI GEBEURE?

Kry die COMMUNICATOR! Inligting beskikbaar by www.luxmundi.org.za.

GEBEDSAKE

Die aparte **Gebedslys** het meer inligting. Dit is ook aanlyn beskikbaar by www.luxmundi.co.za.

Vir gebedsversoeke kontak vir **Dora** by 012 998 8801 of lidmate@luxmundi.org.za

BYDRAES

Bankbesonderhede:
Lux Mundi Gemeente, ABSA Menlynpark
Reknr: 2310 590 544, Takkode: 335 645
Onthou om die korrekte verwysing te gebruik.
Navrae: finansies@luxmundi.org.za

KONTAK ONS

Kerkkantoor: Tel. 012 998 8801
Ma-Do: 08:00 - 14:00
Vr: 08:00 - 13:00

Vir volledige kontakbesonderhede, sien asseblief die jaarprogram.

Lux Mundi Gemeente Official

www.luxmundi.org.za

SNAPSCAN

Snap here to pay
SnapScan
Dankoffer

Snap here to pay
SnapScan
Algemeen